*Saterdag* **13 Desember**

**Skrifgedeelte: Handelinge 13:16-25**

**Fokusgedeelte: Handelinge 13:23**

**Jesus is die Verlosser wat deur God belowe is**

God se beloftes om ontferming is in Jesus as die Verlosser vervul. Geduldig het Paulus hierdie waarheid in die sinagoge in Antiogië verduidelik. Hy het dit ver gaan haal. Van God wat die voorvaders uitverkies het en hulle 'n groot volk, Israel, gemaak het. Deur die geskiedenis van die verlossing uit Egipte, die rigters en die konings en die profete.

Paulus noem prominent koning Dawid, man na God se hart. Uit sy nageslag het God, volgens sy belofte, Jesus as Verlosser vir Israel laat voortkom. Hy is die vervulling van God se beloftes! God se ontferming en genade trek in Hom saam. Hy is die Verlosser.

Dit is waarom die Seun van Dawid se naam "Jesus" moes wees. In Matteus 2:21 het Josef die opdrag gekry om die Seun uit die maagd Maria "Jesus" te noem *"… want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos".*

In Sondag 11 van die Heidelbergse Kategismus bely ons:

- *Jesus is die ware Verlosser*. Sonde is die kern van al die vraagstukke en probleme in hierdie wêreld. Die dodelike siekte waaraan die wêreld ly, is die sonde. Dinge soos armoede, siekte, werkloosheid en allerlei ellende is maar net die gevolge van die sonde self. Jesus spreek die oorsaak van ellende, naamlik die sonde aan. Hy stel ons weer in die regte verhouding met God en daarom is Hy die ware Verlosser.
- *Jesus is die enigste Verlosser*. By niemand anders is enige saligheid te soek of te vind nie. Jesus is die enigste Verlosser. Wie nie deur Hom gered is nie, is hopeloos verlore. Omdat daar geen ander Naam is waardeur verlossing plaasvind nie, moet ons harte ook brand om ander na die enigste Verlosser te lei.
- *Jesus is die volkome Verlosser*. Om volkome Verlosser te wees, moes Jesus vir ons sondes betaal. Daardeur het daar versoening gekom. Ons hoef nie ons kant te bring tot redding nie. Jesus het alles vir ons gedoen! Daarop moet ons met 'n volkome en dankbare hart antwoord. Ons moet as verloste mense lewe. Dit is onmoontlik dat iemand wat sy verlossing deur Jesus besef, nie ook dankbaar sal leef nie.

*Sing: Skrifberyming 5-3:1, 2*

*Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspruit)*